

Geagte Lede,



## NUUTSTE OMVATTENDE LOON- EN INDIENSNEMINGSVOORWAARDES VIR SAAGMEUL SEKTOR - EFFEKTIEF 1 JULIE 2015 TOT 30 JUNIE 2016

Die nuutste omvattende ooreenkoms op lone en indiensnemingsvoorwaardes vir die saagmeulkamer (ingesluit houtbehandelingsaanlegte, gesaagde hout en pale), is reeds op die 22ste Julie 2015 deur die onderhandelingspartye onderteken.

**Loonverhogings:** Die partye het ooreengekom op 'n loonverhoging van nie minder as 7% op die huidige aktuele basiese loon, effektief vanaf 1 Julie vir alle werknemers in die onderhandelingsseenheid, en 'n verdere 1% oor die hele sektor in Januarie 2016, gebaseer op die Junie 2015 lone.

**Minimumloon:** Die industrie se minimumloon sal verhoog met 12% tot R 2800 p.m. terugwerkend 1 Julie 2015 tot 30 Junie 2016.

'n Afskrif van die ooreenkoms is beskikbaar by SAWPA of kan afgelaai word van ons webtuiste [www.sawpa.co.za](http://www.sawpa.co.za) deur te klik op "INFORMATION", dan "TOPICAL ISSUES", waar die inligting onder "Bargaining Council for the Wood and Paper Sector" gelys is as "Substantive Agreement on Wages and other Conditions of Employment for the Sawmilling Chamber".

## KREOSOOT – PRODUK- EN LEWERINGSVEREISTES

SAWPA het volkome begrip vir die negatiewe uitwerking op die bedryf a.g.v. die tekort aan voldoende kreosootlewering deur die enigste goedgekeurde verskaffers i.e. ArcelorMittal Coke & Chemicals and FFS Refiners. Ons is egter verplig om die vereistes vir geskikte kreosoot vir lewering aan die primêre houtverduursamingsbedryf te benadruk. Lede word weereens daaraan herinner, aangesien daar steeds sprake is van nie-goedgekeurde, onbekende en ongeskikte "kreosoot" produkte wat in die bedryf aangebied word.

1. Slegs SANS 616 tipe 2 (AMCC) en tipe 3 (FFS) kreosoot, gesertifiseer en goedgekeur deur die SABS of SATAS, en wat 'n geldige L-registrasie sertifikaat het, uitgereik deur die Registrateur van Wet 36 van 1947, kan en mag gebruik word om hout in terme van die SANS en verpligte VC 9092 spesifikasies te behandel.
2. Waak daarteen om 'n eenmalige toetsertifikaat te aanvaar, uitgereik op 'n klein monster van 5 L, as bewys van voldoening van enige Kreosootprodukt wat deur ander verskaffers aangebied word, selfs al het die verskaffer 'n L-registrasie sertifikaat of nommer.
3. Dit is belangrik om te begryp dat daar wel ander bronne of verskaffers is met L-registrasies (ingesluit "dogter" registrasies), maar wie se produk nie voldoen aan SANS 616 tipe 2 or 3 kreosoot vereistes nie, en sodoende nie voldoende is vir gebruik deur industriële houtverduursaming d.m.v. impregneringsprosesse nie.
4. In sekere gevalle bied van die "ander onbekende" verskaffers produkte met 'n SABS laboratorium sertifikaat aan. Neem egter kennis dat indien die toetsverslag nie vergesel word deur 'n besendinggoedkeuringssertifikaat uitgereik en geteken deur een van die twee sertifiseringsliggame, SATAS en SABS en hulle aangestelde verteenwoordigers nie, is die verslag net van toepassing op die monster getoets en nie 'n grootmaat produksie volume nie. 'n Besendinggoedkeuringssertifikaat moet ook duidelik aandui dat die lot waarna in die sertifikaat verwys word wel deur die monster op die laboratorium-toetsverslag verteenwoordig word.

## NAVORSINGSPROJEK

Die beplande navorsingsprojek waarvoor daar verslag gedoen was by die onlangse streekvergaderings en vorige nuusbrief, is besig om momentum te kry en SAWPA het reeds 'n voorstel van die Universiteit van Stellenbosch ontvang. Die navorsing fokus hoofsaaklik op die vroeë falings van klein diameter eucalyptus pale, die invloed wat saphoutvolume en tannieninhoud het, asook om te bepaal wat die minimum effektiewe saphout retensie is om beskerming teen sagte verrottingswamme te verseker. SAWPA is tans in die proses om kommentaar en voorgestelde veranderinge op die voorstel te maak, in ooreenstemming met die doelstellings wat ons onmiddellike behoeftes sal bevredig. Ons hoop dat die navorsing teen die begin van die 2016 akademiese sal kan begin, en daarom sal SAWPA in die nabye toekoms met lede in Limpopo, Mpumalanga Laeveld en Hoëveld, en KZN Middellande skakel om ons te help met die monsterneming van 'n verteenwoordigende populasie pale wat nodig is, en gereed te kry vir kollekte en lewering aan die universiteit aan die begin van die 2016 akademiese jaar.

## SAWPA VERSOEK WYSIGING AAN VC 9092

Na gelang van onlangse gesprekke met die inspekteurs van die NRCS het dit duidelik geword dat daar potensiele onduidelikhede en tekortkominge is in huidige VC 9092 verpligte spesifikasie t.o.v. die definisie van behandelde hout. Dit is veral opvallend wanneer dit gemeet word teen die bewoording wat tot en met 1998 in die Boswet opgeneem was. Van die inspekteurs het hulle outoriteit bevraagteken teen sogenaamde onwettige behandelers, indien die behandelers nie aanspraak daarop maak dat die produkte wat hulle verkoop behandel is. Om die rede het SAWPA 'n voorstel ingedien aan die NRCS om 'n wysiging aan VC 9092 te oorweeg waarin dit duidelik gestel word dat enige hout waarvoor daar bewerings gemaak word van behandeling, of die indruk gegee word dat dit behandel is, die behandeling aan die VC 9092 en SANS vereistes sal voldoen.

## OPPAS VIR BEDIEËRS WAT BEHDELDEHOUT AANKOOP

'n E-pos is op die 3de November aan alle behandelers en chemikalieë verskaffers gestuur waarin ons hulle inlig oor die bedrieëry van 'n veronderstelde konstruksie maatskappy wat onder die naam van "Heartland Construction" en "Mobula Construction" werksaam is, met 'n "Scott Buchanan" as die kontak persoon. Sedertdien het SAWPA verskeie reaksies van ander lede gekry wat deur dieselfde bedrieërs ingedoen is. Hulle bedryf ook onder die name "Bedrock Construction" en "Bullock Construction" met 'n "Schalk Van Nieuwenhuizen" en "Deon De Beer" as die kontakpersone, en is blykbaar ook deel van 'n groter sindikaat wat oor die hele land gesoek word.

Saaklêers is reeds in Sabie, Nelspruit en Boksburg geopen, en lede wat meer inligting het wat die saak teen die bedrieërs kan versterk, kan vir Sue by SAWPA kontak vir die saaknommers en kontakbesonderhede van die ondersoekbeampes. Lede wat nog nie deur die sindikaat ingelooop is nie, word gevra om bedag en op die uitkyk te wees vir die aktiwiteite.

## NUUSBROKKIES

- Besoeke aan die SAWPA webtuiste gedurende Augustus, September en Oktober maand was onderskeidelik 45 638, 37 751 en 33 543.
- LSA studieplakkaat: Aangeheg is 'n interessante studieplakkaat deur die Universiteit van Stellenbosch se Bosbou en Houtkunde departement oor 'n lewensiklus assessering tussen eenvoudige SA-Den dakstrukture en ligte plaatstaaldakstrukture.
- WAARSKUWINGSETIKETTE: Wees proaktief en voorbereid en bestel die rolle waarskuwingsetikette by SAWPA. Die rolle is gratis beskikbaar aan vir alle lede. Die aanbring van waarskuwingsetikette sal 'n vereiste word sodra die hersiende weergawe van SANS 10005 gefinaliseer is en sal dus nie bloot meer 'n aanbeveling wees nie.
- WoodEX for Africa 2016: Lede wat beoog om deel te neem of die skou te besoek wat van 9 tot 16 Junie plaasvind kan die webtuiste [www.woodexforafrica.com](http://www.woodexforafrica.com) besoek vir meer inligting. SAWPA het reeds onuitstalspassie bespreek en hoop ook om meer van ons lede by die skou te sien.

### BRUCE BREEDT

SAWPA aanvaar geen verantwoordelikheid vir enige stellings wat in die nuusbrief gemaak is nie.

---

SAWPA, Posbus 686, Isando 1600

Tel: 011 974 1061 Faks: 086 610 1411 Webtuiste: [www.sawpa.co.za](http://www.sawpa.co.za) epos: [sawpa@global.co.za](mailto:sawpa@global.co.za)